basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## 2022

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik bv. 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Moenie die titel bytel as jy die getal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **EK HOU VAN MY DORP**

Jy woon op 'n wonderlike dorp.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou dorp.

Dink aan die volgende:

- Wat is jou dorp se naam en waar is dit geleë *(situated)*?
- Watter dinge maak jou dorp so wonderlik?
- Wat maak die mense in jou dorp so wonderlik?
- Wat wil jy graag hê moet in die toekoms in jou dorp gebeur? **[40]**

1.2 **EK SAL HOM/HAAR ALTYD ONTHOU**

Jy is gelukkig om iemand te ken wat vir jou baie belangrik is.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie persoon wat jy altyd sal onthou.

Dink aan die volgende:

- Wie is die persoon?
- Watter tipe persoon is hy/sy?
- Wat doen hy/sy vir jou?
- Wat sal jy altyd van hom/haar onthou? **[40]**

1.3 **EK WAS IN 'N GROOT ONGELUK**

Jy was in 'n baie groot ongeluk, maar het bly leef.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie ongeluk en wat daarna gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Hoe het die ongeluk gebeur?
- Wat het ná die ongeluk gebeur?
- Hoe het dit jou lewe verander?
- Hoe het dit jou toekomsplanne verander? **[40]**

1.4 **TOE VERTEL HY/SY VIR MY ...**

Iemand het iets geweet wat jy nie geweet het nie. Hy/Sy het besluit om dié geheim vir jou te vertel.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die geheim en wat daarna gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het hy/sy vir jou vertel?
- Waarom het hy/sy dit vir jou vertel?
- Hoe het jy gevoel toe hy/sy dit vir jou vertel?
- Wat het daarná gebeur? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor. Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit: gettyimages.com] **[40]**

1.5.2




[Uit: gettyimages.com] **[40]**

1.5.3



[Uit: photolia.com] **[40]**

1.5.4




[Uit: photolia.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou punte was verlede jaar baie swak. Jou ouers was baie kwaad en wou nie met jou praat nie.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou ouers waarin jy vertel wat verkeerd geloop het en wat jy gaan doen om jou punte te verbeter.

Dink aan die volgende:

- Waarom was jou punte so swak?
- Hoe gaan jy jou punte verbeter?
- Wat wil jy hê moet jou ouers doen om jou te help? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy en jou maats wil 'n projek begin om julle skoolterrein mooi te maak.

Skryf 'n **formele brief** aan die bestuurder van Garden World Kwekery om julle te help.

Gebruik die volgende adres:

Die Bestuurder
Garden World Kwekery
Posbus 2548
Pretoria
0001

Dink aan die volgende:

- Hoe wil julle die skoolterrein mooi maak?
- Wat het julle alles nodig?
- Hoe gaan die projek die skool help? **[20]**

## 2.3 VERSLAG

Jy het gesien hoe 'n persoon iets uit 'n winkel steel.

Die polisie het jou gevra om 'n verslag te skryf oor wat gebeur het.

Skryf 'n **verslag** oor wat in die winkel gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het jy gedoen toe hierdie insident gebeur het? **[20]**

## 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Jou ma verjaar en julle hou 'n partytjie. Jy moet 'n toespraak lewer om haar geluk te wens.

Skryf die **toespraak** wat jy by die partytjie sal lewer.

Dink aan die volgende:

- Watter tipe mens is jou ma?
- Watter goeie dinge het jou ma vir julle gesin gedoen?
- Wat is jou goeie wense vir jou ma se toekoms? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE EN ANTWOORD**

**LET WEL:** As jy hierdie vraag doen, moet jy die uitnodigingskaartjie (3.1.1) **EN** die antwoord op die uitnodiging (3.1.2) doen.

Jy het matriek geslaag en jy wil 'n partytjie vir jou vriende hou.

3.1.1 Skryf 'n **uitnodiging** aan jou vriende om die partytjie by te woon. *(Ongeveer 50 woorde)*

In die uitnodiging moet jy vir jou vriende sê:

- Hoekom jy die partytjie hou
- Waar, wanneer en hoe laat die partytjie gehou gaan word
- Wie hulle moet kontak as hulle die partytjie gaan bywoon

3.1.2 Skryf 'n **antwoord** op hierdie uitnodiging in 'n kort nota. *(Ongeveer 20 woorde)*

- Sê of jy die partytjie gaan bywoon of nie.
- Gee 'n rede indien jy nie die partytjie kan bywoon nie.
- Sê of jy iemand gaan saambring of nie.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou beste maat woon op 'n ander dorp. Julle het mekaar in 2019 laas gesien. Sy/Hy gaan vir 'n dag by jou kom kuier.

Skryf hieroor in jou dagboek. Jy moet TWEE inskrywings maak:

- Die dag vóór jou maat kom kuier het
- Die dag ná jou maat kom kuier het

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy gevoel die dag vóór jou maat kom kuier het?
- Hoe het jy gevoel ná jou maat kom kuier het? **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy versorg *(take care of)* gewoonlik jou ouma. Jou jonger sussie gaan na jou ouma kyk terwyl jy eksamen skryf.

Skryf die **instruksies** vir jou sussie neer oor wat sy elke dag vir jou ouma moet doen.

Skryf dit in volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:

1. Gee vir Ouma haar pap/ontbyt.
2. ...
3. ...
.. ...
.. ... **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**